Ps. 48: 1, 5
Ps. 46: 1; 2.
Ges. 15: 2.

# Die Oop Stad.

a/Kp | 2 Okt. 1960.

Sagaria 2:1-5
(van Ruler)

Sag. 2: 4b + 5 - Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte van mense en vee daar binne-in. En Ek sal vir hom wees, spreek die Here, 'n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in.

Sagaria tree op as profeet in die jaar 520 v.X. - 'n paar maande na Haggai. Haggai se wekroep gaan uit na die volk wat so pas teruggekeer het uit die ballingskap dat hulle die tempel moet herbou. En eindelik, na 'n langdurige verlamming, ontwaak die volk uit hulle moedelose gees en pak hulle die groot werk aan.

Sagaria gaan 'n stap verder: terwyl die tempelbou nog in volle gang is, kom dring Sagaria aan op geestelike tempelbou - op terugkeer tot God, sodat die hele lewe - van enkelinge en van die gemeenskap - in die diens van God sal staan! En in die uitvoering van die opdrag gee God aan Sagaria 'n aantal gesigte (agt) waar by elkeen God 'n besondere waarheid aan sy volk wil tuisbring.

Ons teks is geneem uit die visioen van die man met die meetsnoer wat die Godsstad, Jerusalem, wil opmeet in haar lengte en haar breedte. Sy poging word gekeer deur 'n antwoord v.d. engel met 'n wonderwoord gekeer dat God self sal doen wat die jongman wou bewerk. Ons sien dan:

I Die Poging v.d. Jongman: H.d. jongman, met al d. ywer en daadkrag van die jeug, durf die onmoontlike aan: om 'n groot wêreldstad met 'n liniaal te gaan opmeet. ~~[illegible]~~? So kenmerkend v.d. jeug: die onmoontlike sien hulle voor kans.

Waarom wil hy dit doen? Uit die drang van sy
hart wil hy handel: 'n muur om Jerusalem bou om
die tempel, Gods heiligdom, te beskerm teen d. ge-
weld v.d. wêreld. Dan sal die volk van God vei-
lig wees teen die aanslae v.d. wêreld! Daar kan
die volk van God dan veilig en rustig woon - daar
kan God self dan by sy volk woon

→ 1) Deur die eeue heen die onuitroeibare neiging
van alle vroom en godvrugtige, godvresende mense:
om God met hulle saam te wil afskeit, afkamp,
omsoom v.d. aarde met al sy sondes, sy ellende,
sy twis! Kloostergedagte: die goeie daarin -
die nodige daarin: maak tye vas van afsonde-
ring en inn. toerusting (soos die laai van 'n
battery). Maar as dit klaar is, dan weer
a.d. werk! (Vgl. Xtus & sy 70 dissipels na).

2) Kerk se gevaar: so opgaan in sy organi-
sasie, sy eie lewe, sy instellinge & vasterne-
arbeid dat hy geheel en al in homself ge-
keer raak, so ingeslote dat hy afgeskeit
raak van wêreld in sy nood, kontak ver-
loor. Baie keer ook uit vrees teruggetrek soos
seedier in sy skulp: van veilige afstand
oordeel, kritiseer, raad gee! Goedbedoel - maar
fataal! (Jerusalem - muur)

II Die Engel se ~~Antwoord~~ Opdrag: Staak die
poging!